# GEMEENTEBULLETIN

1971 50 2021

**30 JULIE 2021**

## EREDIENSTE

**Sondag 1 Augustus 2021 (Nagmaal)**

Eredienste word in die kerk en aanlyn aangebied en 50 persone word per erediens toegelaat. Geen diens word dié Sondag in die kapel gehou nie, maar die diens is aanlyn beskikbaar. Geen besprekings is nodig nie. Die oorvloei van kerkgangers sal in die kleinsaal geakkommodeer word. Die dra van maskers is verpligtend. Besoek www.stellenberg.co.za of die gemeente se YouTube-kanaal om na die aanlyn dienste te kyk.

**Oggenddiens 08:30 in die kerk** | Direkte uitsending | Ds. Breytenbach

**Meditatiewe diens 09:00** | Slegs aanlyn | Ds. Dietmann

**Familiediens 09:30 in die kerk** | Direkte uitsending | Ds. Potgieter

**Relevantdiens 18:00 in die kerk** | Direkte uitsending | Ds. Ackerman

## STELLENBERGER | FEESUITGAWE

Ter viering van die gemeente se 50ste bestaansjaar is 'n spesiale feesuitgawe van die Stellenberger op Woensdag 28 Julie elektronies aan lidmate versprei. Indien jy nie die e-pos ontvang het nie, kontak asseblief vir sanel@stellenberg.co.za, of lees die uitgawe op www.stellenberg.co.za.

Harde kopieë van die feesuitgawe is in die voorportaal van die kerk, asook by die kerkkantoor beskikbaar. Die uitgawe kan weeksdae tussen 08:00 en 14:00 by die kerkkantoor afgehaal word.

### KONTAK ONS

021 976 4519

081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### GEESTELIKE DAGSTUKKE

Geestelike dagstukke, voorberei deur gemeenteleraars, bestaande uit 'n stemboodskap en 'n geskrewe dagstuk, is daagliks op www.stellenberg.co.za beskikbaar of op die gemeente se Facebook– en Instagrambladsye.

## WINTERHULP – DIE NOOD IS GROOT

Hier volg van die dringendste behoeftes waar jy hulp kan verleen:

- **SKOENE** vir haweloses. MES het 'n tydelike skuiling vir hawelose persone in Durbanville ingerig. Skoene (veral no. 6, 7 en 8) word vir diegene wat saans in die skuiling slaap, benodig. Gee asseblief bruikbare skoene by die kerkkantoor af.
- **KOMBERSE** vir seniors verbonde aan die Ruyterwacht-diens-sentrum word benodig. Skenkings kan by die kerkkantoor afgegee word, of finansiële bydraes kan elektronies oorbetaal word na onderstaande *rekening. Verwysing: Komberse.
- **HANDE EN RANDE** is die gemeente se voedselvoorsienings-program. Indien jy 'n finansiële bydrae wil maak om voedselnood te verlig, kan jy dit elektronies oorbetaal na *ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005. Verwysing: Hande en Rande. Bydraes kan ook by die kerkkantoor inbetaal word.
- **SOP** word aan verskeie sopkombuise in die Skiereiland voorsien. Minstens 250 liter sop word weekliks aan sopkombuise in Ravens-mead, Wesbank en Khayelitsha aan kinders uitgedeel. Enige iemand wat by die voedingsprojek betrokke wil raak en bereid is om sop te kook en dit in bevrore formaat Maandae tot Vrydae tussen 08:00 en 15:00 by die saalkompleks of kerkkantoor af te gee, se hulp sal waardeer word. Lewer gerus jou bydraes soos dit jou pas. Hoe meer sop ons insamel – hoe meer kan ons uitdeel! Kontak vir Anéne Nortier 083 581 6930 indien jy enige verdere navrae het.

## DOOP VANDAG

- Ferdinand en Clarissa Nel, laat doop vir Aila Nel.
- Francois en Solize van der Merwe, laat doop vir Amelia van der Merwe.

### STELLENBERG ONDERSTEUNING-SENTRUM

SOS bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute, 'n besigheids- en lewensafrigter, asook 'n musiekterapeut se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 8029 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na sos@stellenberg.co.za.

Na-ure skakel

083 519 0602.

### KYK NA DIE EREDIENS OP JOU SELFOON

WhatsApp, of stuur 'n Telegramboodskap na 081 045 2428 met jou naam + van + aanlyn eredienste. Jy sal dan weekliks die skakel na die aanlyn diens per WhatsApp/Telegram op jou selfoon ontvang.

## BEROEPING VAN 'N NUWE LERAAR

Ds. Johan Visser van die Woodlands Hill-gemeente in Bloemfontein is tydens 'n spesiale beroepingsvergadering van die kerkraad na Stellenberg-gemeente beroep. Die beroep is vir approbasie (goedkeuring) vir twee Sondae in die bulletin afgekondig. Ds. Visser het 'n beroepsbrief van die gemeente ontvang en het twee weke om amptelik daarop te reageer. Ons sal die gemeente so gou moontlik van sy antwoord in kennis stel. Johan is 39 jaar oud en getroud met Nicola ('n maatskaplike werker). Hulle het drie kinders, Ava-Jane (9), James (6) en Olivia (3).

## DAGSTUKKE EN BULLETIN OP SELFOON

**Daaglikse stemboodskappe deur leraars op jou selfoon**
Indien jy graag na die daaglikse stemopname deur leraars op jou selfoon wil luister, stuur asb. 'n WhatsApp of 'n Telegramboodskap met jou *naam+van+stemboodskap* na 081 045 2428. Geen gemorspos word na die groep gestuur nie, slegs die stemboodskappe.
**Die bulletin asook die skakel na die aanlyn oggenddiens op jou selfoon.** Ontvang die **bulletin** asook die skakel na die aanlyn erediens **elke Vrydag** op jou selfoon. Sodoende kan jy na die preek op jou selfoon kyk. Stuur asb. 'n WhatsApp of 'n Telegramboodskap met jou *naam+van+bulletin* na 081 045 2428.

## POPIA-WETGEWING

Ingevolge nuwe wetgewing (POPIA) rakende die beskerming van persoonlike inligting, wil die gemeente graag jou toestemming t.o.v. die storing van jou persoonlike inligting bevestig. Alle persoonlike inligting word volgens die gemeente se beleid rakende privaatheid, sekuriteit en storing van inligting, hanteer. Die kerkkantoor sal binnekort korrespondensie in die verband uitstuur, waarop jy asb. so spoedig moontlik moet reageer. Vir enige navrae stuur 'n e-pos aan odette@stellenberg.co.za.

### EDELWEISS

### NAGMAAL

1 Augustus 17:00

Nagmaal in eetsaal vir 50 mense wat bespreek het.

Dankie Here . . . ons is weer/nog steeds hier. Psalm 122.

### BYBELSTUDIE

5 Augustus 14:30 in die eetsaal.
Klaagliedere 3:31- 66

Daar is hoop en vergifnis!

### ADVERTENSIEBLAD

Is jy op soek na 'n diensverskaffer, werksgeleentheid, of wil self 'n diens of produk adverteer? Besoek dan gerus die gemeente se aanlyn advertensieblad op www.stellenberg.co.za. Plaas advertensies teen baie billike tariewe, deur 'n e-pos aan sanel@stellenberg.co.za te stuur.

## KATEGESE: ANNIBRAND

Annibrand Junior:

Kategese hervat op 1 Augustus 2021 vanaf 10:15 tot 11:00. Groepe sal tot 50 persone per groep beperk word.

- Graad 1 tot 3 ontmoet in die kleinsaal
- Graad 4 tot 6 ontmoet in die ou kafeteria.

Annibrand Senior:

Tieners word uitgenooi om die jeugdiens in die kerk om 18:00 by te woon. Kategesegespreksgroepe volg vanaf 18:45 tot 19:30. 150 persone kan op die terrein, in verskillende lokale, geakkommodeer word.

## AANLYN BYBELSKOOL

Die hele Bybelskoolkursus oor die klein profete is aanlyn op www.stellenberg.co.za beskikbaar. Sessie 10 is nou beskikbaar.

Volg dit gerus aanlyn. Die handleidings kan ook van die webwerf afgelaai word.

## FINANSIËLE BYDRAES

Leraars en die kerkraad is opreg dankbaar teenoor lidmate wat die gemeente se werksaamhede finansieel ondersteun, te midde van die finansiële uitdagings wat die Covid-19-pandemie ook aan lidmate stel. Bydraes kan soos volg gemaak word:

### EFT-betaling

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

### Kontantbydraes

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

### SnapScan

### GEMEENTE-SELFOON

Die gemeente het nou 'n selfoonnommer

081 045 2428.

Navrae kan per WhatsApp of Telegram-boodskap na dié nommer gestuur word.

### ELEKTRONIESE NUUS

Maak seker dat jy elektroniese nuus van die gemeente ontvang. Jy kan die bulletin, asook die skakel na die aanlyn eredienste weekliks per e-pos ontvang, asook die gemeente se maandelikse nuusblad, *Stellenberger*. Stuur jou e-posadres na sanel@stellenberg.co.za om op die verspreidingslys geplaas te word.